Van Niekerk, Anton A
Universiteit Stellenbosch

# Willie Jonker se Teologiese Etiek[1]

**ABSTRACT**

**The theological ethics of Willie Jonker**

The article deals with the South African Dutch Reformed theologian W.D. (Willie) Jonker's (1929-2006) contribution to theological ethics. Three perspectives on his ethics are developed, viz. foundational, methodological and substantive perspectives. The first relates to his idea that the foundation of ethics is the correlation between doctrine and life. Ethics is the outcome of the reconciliation in Christ as activated by the work of the Spirit, through which the totality of human life in the world is sanctified through the mediation of the life of the church. The second, methodological perspective deals with the relationship between ethics and hermeneutics. Here Jonker's complex and original work on the grounding of ethical claims on Scripture is discussed, and much attention is paid to his appropriation of Calvin in this regard. The third, substantive perspective deals with an area where Jonker made a distinctly new contribution to theological ethics in Dutch Reformed orientated South Africa during apartheid, viz. the development of a social ethics. This aspect of his work was particularly inspirational for the development of a critical consciousness about apartheid in Dutch Reformed circles sionce the 1980's. The article is concluded with a couple of critical and evaluative remarks.

## TER INLEIDING

Dit is vir my 'n baie groot eer om by wyse van hierdie sesde Willie Jonker Gedenklesing 'n bydrae te lewer tot die nagedagtenis en huldiging van iemand wat ek altyd beskou het as een van my gunsteling leermeesters, maar ook een van die vernaamste rolmodelle in my akademiese en persoonlike lewe. As 'n dosent het Willie Jonker kwalik sy gelyke gehad. Hy het die vermoë gehad om, op die basis van 'n unieke vervloeiing van humor en aanvanklike beskeidenheid – selfs temerigheid – elke klas stadig maar seker te ontwikkel in of op te bou tot 'n crescendo van oorrompelende en verbluffende nuwe insig – insig waarvoor 'n mens ook tyd nodig gehad het om dit ten volle tot jou te laat deurdring. Hy was niks minder nie as 'n lesingsaal-virtuoos (sonder om 'n lesingsaal prima donna te wees); om in sy klasse te kon sit, was 'n elke keer 'n stuk suiwering wat 'n mens met gans nuwe oë na die wêreld laat kyk het. Om hom te kon ken, nie net as student nie, maar later ook as kollega aan die universiteit, was een van die grootste voorregte van my lewe.

## ETIEK EN EKKLESIOLOGIE

Ek wil vandag praat oor 'n aspek van Jonker se denke wat in die omgang minder op die voorgrond staan, maar wat tog myns insien 'n belangrike deel van sy intellektuele arbeid in beslag geneem het en ten opsigte waarvan hy belangrike invloed uitgeoefen het, naamlik sy teologiese etiek.

1 Sesde W.D. Jonker Gedenklesing: Kaapstad, 30 Oktober 2011.

Jonker was sonder twyfel primêr en by voorkeur 'n dogmatikus, en sy belangrikste werk is op die terrein van die dogmatiek gedoen. Toe ek hom egter as student aan die Kweekskool in 1975 die eerste keer meegemaak het, was hy, behalwe vir Inleiding tot die Teologie- en Simbolieklesings[2] aan die begin van ons eerste jaar, primêr 'n dosent in teologiese etiek. Prof. FJM Potgieter het in daardie stadium die oorwig van verantwoordelikhede ten opsigte van sowel die dogmatiek as die dogmageskiedenis behartig. Dat hy vir die eerste keer die vryheid gehad het om sy eie kursusse in die dogmatiek te begin aanbied na prof. Potgieter se aftrede aan die einde van 1977, was vir prof. Jonker ietwat van 'n frustrasie; ek herinner my goed dat hy by geleentheid in 'n klas in 1978 opgemerk het dat hy toe "reeds in sy 50ste jaar" was, en nou vir die eerste keer die geleentheid kry om sy eintlike vak, naamlik dogmatiek, te doseer. (Tydens sy Nederlandse verblyf te Kampen was hy professor in praktiese teologie).

Retrospektief beskou, wil ek my nogtans verstout om te beweer dat prof. Potgieter se uitgerekte besetting van die dogmatiek portefeulje aan die Kweekskool op een manier wel 'n bedekte seën was. Dit het Willie Jonker naamlik gedwing om baie aandag te skenk aan die etiek, en om daarmee 'n skat van insigte na vore te bring waarby ons vandag steeds aansienlik kan baat. Die kern van daardie insigte is die tema van hierdie artikel.

Soos verwag kan word, geskied Jonker se bydrae tot die etiek volledig binne die konteks van sy ontwikkeling van 'n Christelik-teologiese en gereformeerde etiek. Sy gespreksgenote in die ontwikkeling van sy etiek-idees is meesal teoloë; dit is baie selde dat hy na die werk van filosofies-etiese denkers selfs net verwys.[3] Die konteks waarbinne Jonker die meeste van sy etiese idees ontwikkel, is daarby die vraag na die lewe van die kerk in die wêreld. Dit mag moontlik op 'n oorvereenvoudiging neerkom, maar ek wil dit nogtans waag om te beweer dat Jonker se teologie, as dit onder 'n enkele noemer beskryf moet word, ten diepste 'n gereformeerde ekklesiologie is. Die eerste geskrif waarmee Jonker wyd aandag getrek het in die Suid-Afrikaanse teologiese gesprek, was sy nou amper legendariese *Die sendingbepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal* (Jonker 1962), 'n lomp-getitelde boekie oor 'n skynbaar obskure onderwerp, maar 'n geskrif wat tog sedertdien erken word as een van die skerpste en invloedrykste gereformeerd-ekklesiologiese analises in die geskiedenis van teologiese besinning in hierdie land. Ook die laaste boek (te midde van 'n aantal ander wat tussen-in verskyn het) wat Jonker in sy lewe gepubliseer het, naamlik *Selfs die kerk kan verander* (Jonker 1998), handel voluit oor die kerk, terwyl die kerk ook die sentrale tema is van die postuum verskene *Die relevansie van die kerk: teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld* (Jonker 2008).[4]

Die tema van die kerk oorheers daarom myns insiens Jonker se teologisering in die 36 jaar tussen die *Sendingbepalinge* en *Selfs die kerk kan verander,* en doen dit om 'n goeie rede. Hierdie 36 jaar van intensiewe teologiese arbeid is tegelyk een van die mees veelbewoë tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dis die tyd van die hoogty, dog ook groeiende kritiese selfondersoek en uiteindelike aftakeling en ondergang van die mensonterende sosiaal-politieke sisteem van apartheid. Apartheid is die olifant in die sitkamer van Jonker se teologiese denke. Ek gebruik doelbewus die uitdrukking "die olifant in die sitkamer" omdat 'n mens selde in Jonker se geskrifte die woord "apartheid" of direkte verwysings na die sosiale sisteem van apartheid aantref. Jonker bemoei hom op die oog af min met die politiek, maar hy bemoei hom, deurgaans met die kerk. En die sentrale tema van sy teologie sedert die *Sendingbepalinge* tot by sy laaste boek in 1998 is die sorg om 'n kerk wat die pad byster geraak het vanweë haar dienstigheid aan

---

2 Die voorgeskrewe teks vir hierdie lesings was Heyns en Jonker 1974, hoofstukke 2-4.

3 'n Opvallende uitsondering is Jonker 1973: 86-90, waar hy die bydraes van verskillende prominente denkers van die Aufklärung tot die opkoms van 'n sosiaal-etiese bewussyn in die Weste bespreek.

4 Jonker het ook belangrike bydraes geleer ten opsigte van die kerkreg as onderafdeling van die ekklesiologie. Vgl. in dié verband Jonker 1959, 1965a en 1965b.

die sosiaal-politieke sisteem van apartheid.

Die *Sendingbepalinge* begin byvoorbeeld met sy vreeslose kritiek op die wyse waarop mense se vooroordele ten opsigte van die rassevraagstuk in Suid-Afrika deurspeel in hul denke oor en strukturering van die kerk (Jonker 1962: 8-14). Teenoor die idee van volkskerke vir verskillende volkere, en die daarmee gepaardgaande idee van die sogenaamde "pluriformiteit" van die kerk[5], dring Jonker aan op die één kerk van Christus wat, uit die al die volkere en nasies, deur die Woord en die Gees versamel word tot God se een, ondeelbare bondsvolk in die wêreld. Dit is 'n dankbare en bewoë Willie Jonker wat in sy laaste boek, *Selfs die Kerk kan verander,* vertel van sy stryd om hierdie idee, en sy verwondering vir die genade wat, al was dit dan oor 36 jaar en meer, uiteindelik meegebring het dat sy skuldbelydenis namens almal in die NG Kerk op Rustenburg selfs deur die ampsdraers van die NG Kerk toegeëien is. Ek handel nie vandag oor Jonker se ekklesiologie of oor sy kritiek op die volkskerk en sy propagering van die (ook sigbare) eenheid van die kerk nie.[6] My punt is bloot dat ons Willie Jonker se etiek kwalik na waarde kan skat sonder om hierdie breëre konteks en impetus van sy teologie as ekklesiologie in berekening te bring nie.

Ruimte-beperkings verhoed my reg te laat geskied aan naastenby alle aspekte van Jonker se etiek. Ek gaan daarom volstaan met drie gesigspunte wat m.i. sentraal is vir die verstaan van sy etiese beskouinge. Hierdie drie gesigspunte kan ons 'n *prinsipiële,* 'n *metodologiese* en en *substantiewe* gesigspunt op Jonker se etiek noem. Die eerste, prinsipiële perspektief is sy aandrang op etiek as die uitkoms van die korrelasie tussen leer en lewe, oftewel sy aandrang daarop dat etiek primêr te make het met die lewe van die kerk wat haar identiteit ontleen aan die versoeningswerk van Christus deur die Gees. Die tweede, metodologiese gesigspunt het uiteraard te make met die vraag hoe 'n mens 'n teologiese etiek ontwikkel. Hier gaan dit dan met name om die onverbreeklike verband tussen etiek en hermeneutiek waarop Jonker deurgaans aangedring het, en met name om sy beskouinge oor Skrifberoep in die etiek. Ek noem die derde perspektief substantief, omdat dit die enigste van die drie perspektiewe is wat handel oor 'n bepaalde tema in die etiek as sodanig. Hier gaan dit dan met name om Jonker se vernuwende herwaardering van die sosiale teenoor die individuele etiek binne die kader van Suid-Afrika se komplekse verhoudingspolitiek. Vervolgens 'n aantal opmerkings oor elk.

## PRINSIPIËLE GESIGSPUNT: ETIEK AS DIE KORRELASIE VAN LEER EN LEWE

Etiek is vir Jonker onverbreeklik verbonde met die Christelike kerk se opdrag om die lewe en die wêreld te heilig. Dis in wese die sigbare effek van die versoening in Christus (sien Jonker 1977) en die heilstoeëiening deur die Heilige Gees (Jonker 1981). Etiek is die sigbare uitwerking van die heil in Christus soos bedien en toegepas deur die Gees. Die teologiese konteks waarin met reg oor die etiek gepraat moet word, is, in die woorde van die titel van die laaste hoofstuk van Jonker se *Christus die Middelaar* (Jonker 1977) "die verwerkliking van die versoening in die geskiedenis". Hoewel Jonker krities staan teenoor sentrale aspekte van die sogenaamde subjektiewe versoeningsleer[7], maak hy in hierdie laaste hoofstuk geluide wat spreek van meer

5 Vir hierdie idee, vgl. Vorster 1978: 9-36; 78-86.

6 Vir 'n bevatlike en boeiende bespreking hiervan, sien Smit 2009.

7 Met hierdie uitdrukking bedoel ek 'n reeks ontwikkelinge in die versoeningsleer wat op een of ander manier almal kritiek uitspreek op die idee dat die versoening wat Christus tussen God en mens bewerkstellig het, 'n blote "objektiewe" gebeure is wat voltrek is aan die kruis en waaraan die mens en sy subjektiewe insette geen deel het nie. 'n Hele reeks denkers, beginnende by Abelardus in die Middeleeue, via figure soos Hugo de Groot en Friedrich Schleiemacher, asook Ritschl, en, in die 20ste eeu Rudolf Bultmann, Dorothee Sölle en Herman Wiersinga, is eksponente van hierdie teorie. Vgl. Jonker 1977: 128-156 vir 'n omvattende bespreking van hierdie teorie en denkers. Oor Wiersinga, wat die versoeningsteorie

http://ngtt.journals.ac.za

simpatie met aspekte van die daardie teorie en wat duidelike implikasies vir die etiek het.

> Die Bybelse boodskap beteken…dat die versoening inklusief is in dié sin, dat [die gelowiges] in Christus begrepe is en dat Hy as die verhoogde Heer daarvoor sorg dat al die skatte en gawes waaraan die gelowiges in Hom deel het, ook in hulle lewe oorgebring word deur die Heilige Gees. Dit is dus nie so dat die versoening in Christus slegs buite die mens om gaan nie. Die versoening in Christus omvat óók die subjektiewe verandering van die gelowiges. (Jonker 1977: 208)

Hoewel die versoening in Christus tot stand kom en ons geloof voorafgaan, en hoewel Jonker Barth se idee van 'n algemene versoening van die hand wys, is die effek van Christus se skuldoffer aan die kruis, deur die werking van die Gees "…[dat] nie slegs die skuld van sonde uitgewis word nie, maar dat ook daardeur die gelowiges onder die heerskappy van Christus gebring word." Jonker gaan dan voort:

> Die versoende mens is in Christus 'n nuwe skepping van God (2 Kor. 5:17) en dit moet ook in sy lewe sigbaar word dat hy dit is. Wanneer die verhoogde Christus deur Sy Woord en Gees oor mense se lewens regeer, verander hulle verhouding tot God maar ook hulle verhouding tot hulle naaste en tot die wêreld. Die versoening met God sluit dus ook die versoening met die naaste en met alle mense in. 'n Mens kan selfs sê dat die versoening tussen mens en mens nie net 'n gevolg is van die versoening met God nie, maar tot die versoening met God self behoort…Omdat God in Christus die wêreld met Homself versoen het (2 Kor. 5:19), daarom is dit duidelik dat die versoening ook 'n universele betekenis het in die sin dat daar vanuit die gemeente 'n wil tot 'n alles-omvattende vrede in die wêreld geopenbaar moet word…Dit alles het te make met die horisontale dimensie van die versoening…(Jonker 1977: 209).

Etiek as die kern van die lewenstyl van die gelowige mens in die konteks van die gemeente is dus, wat Jonker betref, ferm gegrondves in die versoeningsgebeure en is die logiese uitloper van die wyse waarop die heil aan die wêreld en die medemens bedien word via die werksaamhede van die Gees. Ware etiek is dus uiteindelik vir Jonker die korrelasie, in die praktiese lewens van mense, van leer en lewe. Etiese optrede is die uitvloeisel van die regte en suiwer verstaan van die evangelie van verlossing deur Christus en die toepassing van Christus se duur verworwe versoening aan die mens en die wêreld. Terwyl Jonker sover ek kon vasstel nooit so ver gegaan het om die morele status van die optredes van deugsame ongelowiges te bevraagteken nie, bly dit onomstootlik in sy teologie dat etiek in wese begrond word deur en te make het met die lewe van kerklike gelowiges wat getransformeer is deur die versoening in Christus en die heiligmaking deur die Heilige Gees.

## METODOLOGIESE GESIGSPUNT: DIE VERBAND TUSSEN ETIEK EN HERMENEUTIEK

Van Jonker se belangrikste werk op die terrein van die etiek het hy gedoen binne die konteks van die vraag na skrifberoep in die etiek, of te wel, die vraag hoe ons betroubare etiese riglyne kan bekom vanuit 'n beroep op die Bybel. Veral twee van Jonker se tekste staan hier sentraal.

weer sentraal in die teologiese diskussie geplaas het met sy dissertasie *Verzoening in de theologiese discussie* (1971), skryf Jonker soos volg: "Hy kom…tot die konklusie dat terme soos satisfaksie, verdienste en plaasvervanging as nie-Bybelse terme uit die spraakgebruik van die kerk behoort te verdwyn. Hy meen dat die begrip "plaasvervangende genoegdoening" en alles wat daarmee saamhang om verskillende redes 'n struikelblok vorm vir die verstaanbaarheid van die boodskap van die versoening in die moderne tyd. Nie alleen wek dit verkeerde voorstellings oor God nie, maar dit spreek ook oor die versoening as iets wat in die verlede gebeur het en eens en vir altyd afgehandel is, in plaas daarvan dat dit ons laat verstaan dat die versoening hier en nou voltrek word wanneer die mens in sy verhouding tot God en sy medemense verander" (Jonker 1977: 136). Jonker is meesal skerp krities teenoor hierdie teorie.

Die eerste is *Die Bybel en Gods wil vir ons lewe* (Jonker 1975), 'n verwerking van vier lesings wat hy in September 1974 tydens 'n ACSV-kamp te Bainskloof gelewer het (en wat terloops 'n goeie illustrasie is van Jonker se merkwaardige vermoë om komplekse teologiese vraagstukke op 'n totaal bevatlike wyse vir 'n nie-teologies geskoolde gehoor aan te bied). Die tweede is 'n teks wat nie onder Jonker se naam gepubliseer is nie, hoewel dit algemene kennis is dat hy die (verreweg oorheersende) outeur daarvan was. Ek verwys hier na die brosjure *Die reformatoriese SOLA SCRIPTURA en die skrifberoep in etiese vrae.* Dit was oorspronklik 'n verslag van die Leer- en Aktuele Sakekommissie van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk, en is dan ook in 1980 deur NG Kerk Uitgewers namens daardie kommissie gepubliseer. Ek verstout my om te beweer dat dit een van die belangrikste (van weliswaar vele) geleenthede was waar Jonker se teologiese denke regstreekse en rigtinggewende invloed op leerstellige kwessies in die NG Kerk (en wyer) uitgeoefen het. (Ek verwys voortaan na hierdie stuk bloot as *Skrifberoep.*)[8]

Jonker se aandag aan die kwessie van Skrifberoep in die etiek bevestig die geldigheid van 'n idee wat hy dikwels in sy klasse gepropageer het. Dit is die idee dat alle goeie teologie ten diepste 'n poging is om niks meer nie, maar ook niks minder nie te doen as om die Bybel reg te lees en te verstaan. Ook die etiek, as riglyne vir die praksis van die kerk, het alles te make met die hermeneutiek - die teorie oor betroubare interpretasie van die skrifteks. Dat die Bybel vir gelowige mense toeganklik en duidelik is, is 'n sluitsteen-oortuiging van die Reformasie.[9] Jonker spandeer aansienlike ruimte om opnuut te argumenteer dat die Skrif nie sy gesag ontleen aan die geïnstitueerde kerk, soos Rome lank geleer het nie, maar dat “die kerk se gesag heeltemal berus in die gesag van die Woord van God” (*Skrifberoep,* 3).

Terwyl dit dan so is dat die belydenis van die *sola Scriptura* 'n sluitstuk van die Reformasie was, roep die vraag na die reikwydte van die *sola Scriptura* allerlei belangrike vrae op. Dit is in hierdie verband dat Jonker die kommissie wat *Skrifberoep* gepubliseer het, dit duidelik laat stel dat terwyl die Skrif afdoende antwoorde bied op alle tersaaklik religieuse vrae – beter: vrae wat te make het met die heil van die mens - die saak aansienlik meer gekompliseerd is wanneer dit kom by etiese vrae (*Skrifberoep,* 6). Die *sola Scriptura* kan nie eenvoudig beteken dat ons riglyne vir die etiek, die wetenskap of die politiek regstreeks en onbemiddeld van die Bybel kan aflei nie. Ons bevind ons immers heilshistories in 'n gans ander situasie as die Bybelskrywers. Om enkele voorbeeld te noem: die politieke sisteem waarbinne die meeste Christene vandag hul verantwoordelikheid as landburgers aanvaar, is dié van die demokrasie – 'n sosiaal-politieke sisteem wat gans onbekend was in die tyd toe die Bybelskrywers hul werk gedoen het. Die belangrike etiese vrae wat hedendaags die geeste boei rondom tegnologiese ontwikkelinge in die nuwe biomediese tegnologieë, en die werklikheidsbeeld wat deur daardie ontwikkelinge veronderstel word ('n wonder-wêreld van selle, DNA-molekules, chromosome, gene, stamselle, en dergelike meer), is volledig vreemd aan die breë werklikheidsbeeld van Bybelskrywers (*Skrifberoep,* 16).

Beteken of impliseer dit nie doodgewoon dat ons die idee van 'n “Skrifberoep” in die etiek sonder meer moet laat vaar nie en onsself rondom etiese vrae liewer volledig moet laat lei deur gesonde verstand en buite-teologiese insigte nie? Die saak is egter vir Jonker nie so eenvoudig nie. Hy wys die Lutherse idee “om die betekenis van die Skrif tot die heilsboodskap en die persoonlike lewensheiliging te beperk” (*Skrifberoep,* 7), duidelik af, en kies berekend vir Calvyn se idee “dat die Skrif noodsaaklik en genoegsaam is vir ons *hele* lewe” (*Skrifberoep,* 7-8; sy kursivering). Dit gee dan aanleiding tot Calvyn se ietwat komplekse beskouing dat mense

8 Jonker se beskouinge oor die hermeneutiek en met name die relevansie daarvan vir die prediking kom ook tot 'n mindere mate na vore in sy 1976: 30-78.

9 Sien oor die leer van die duidelikheid of “klaarheid” van die Skrif in die Reformasie Rossouw 1963, 'n bron waarna Jonker gereeld met die hoogste waardering verwys het.

(insluitende die heidene) via die algemene genade en die natuurreg 'n algemene sedelike besef het, maar dat hierdie algemene besef tog ook "verward en verdraaid" is. Uiteindelik is ons tog ook weer aangewese op die Skrif om uit te vind wat "ware sedelikheid" is, ook al het mense "buite die Skrif om flardes van sedelike kennis" (*Skrifberoep,* 8).

Jonker vat Calvyn se komplekse posisie in hierdie verband soos volg saam:

> Die Skrif alleen leer ons om kennis van aardse sake op die juiste wyse in verband met ons kennis van God te bring. Hoewel dit moeilik is om Calvyn presies te interpreteer en hy homself nie sistematies en wetenskaplik oor hierdie dinge uitgespreek het nie, kan ons dit tog waag om te sê dat dit in lyn met sy denke is as ons sê dat hy sowel 'n ware natuurlike teologie as 'n ware etiek en 'n ware natuurlike filosofie (wetenskap) afgewys het omdat hy deurgaans aan die leer van "die Skrif alleen" wou vashou. Maar dan is dit tog so dat die funksie van die Skrif in eerste instansie die verkondiging van die ware Godskennis is, sodat die "sola Scriptura" primêr en fundamenteel dáárop slaan, maar tog ook in verband daarmee grondwaarhede bevat wat vir die terreine van moraal en wetenskap betekenis het. Daarom het ons tevore gesê dat die "sola Scriptura" op die terreine van moraal en wetenskap "in 'n ietwat ander sin" geld as in spesifieke heilsvrae. (Skrifberoep, 8).[10]

Vra ons dan vervolgens na presies hoe die Skrifberoep in die etiek behoort te verloop, is Jonker in die eerste plek uitgesproke daaroor dat die Reformasie, waarby hy wil aansluit, van meet af aangedring het op 'n *hermeneutiese* eerder as 'n *wettiese* benadering. Passasies in die Bybel moet gelees word binne hul konteks en met inagneming van die ontstaansituasie van die teks. Vir Jonker is "die Bybel geen wetboek met artikels wat altyd en onder alle omstandighede op presies dieselfde wyse uitgevoer kan word nie, maar 'n bron van wysheid wat aan ons bekend maak wat die blywende wil van God vir ons is sodat ons ons lewe in ons eie situasie volgens die norme van die Skrif kan inrig" (Jonker 1975: 11).

Met die oog op Skrifberoep in die etiek, is die onderskeiding tussen die *normatiewe* en *historiese gesag van die Skrif,* wat reeds in die 17de eeu na vir gekom het, vir Jonker van groot belang. Die onderskeiding wil artikuleer dat die Bybel 'n historiese boek is waarin alles nie op dieselfde vlak van normatiwiteit gehanteer kan word nie. Wat veral van belang is in die onderskeiding, is die aandrang daarop dat die blote vermelding van historiese gebeure in die Bybel, nie impliseer dat norme vir die etiek probleemloos van hierdie historiese gebeure afgelei kan word nie. 'n Voorbeeld van so 'n praktyk is die Rooms Katolieke beroep op die feit dat Moses, Jesus en Elia elk vir 'n periode van 40 dae gevas het, en dat dit daarom 'n vastydperk in die voorjaar sou normeer. 'n Ander voorbeeld sou 'n beroep op die praktyk van die eerste gemeente (Hand 2:43-46) wees om hedendaags 'n sosialistiese afswering van privaat-eiendom mee te regverdig.

Jonker bepleit 'n organiese Skrif-inspirasieleer.[11] Daarvolgens is die Bybel wel die Woord van God, maar die Bybel is aan ons gegee in mensetaal. Dit het ontstaan in spesifieke historiese kontekste en het 'n sentrale boodskap in die lig waarvan hoof- en bysaak onderskei kan word. Jonker skryf in dié verband: "Waar die Skrif 'n ervaringstaal spreek, beteken dit nog nie dat die wêreldbeeld wat destyds gegeld het, deur die Skrif as openbaringswaarheid gesanksioneer word nie. In die omgang met die Skrif moet dus rekening gehou word met die tydsbetrokkenheid van die Skrifwoorde. Dit beteken dat elke willekeurige beroep op 'n Skrifwoord uitgeslote is". (*Skrifberoep,* 12). So 'n "willekeurige beroep op die Skrifwoord" noem Jonker in 'n ander verband "Biblisisme", en wys dit ten sterkste af. "Biblisisme" is vir hom "'n misbruik van die Bybel", 'n soort omgang met die Skrif "asof dit 'n wetboek is wat op die klank af en sonder inagneming

10 Vir 'n meer uitvoerige bespreking van Jonker se Calvyn-resepsie, sien Naudé 2010 en Smit 2007.

11 Vir die inspirasieleer wat, teenoor hierdie idee van Jonker, redelike wye ingang gevind het in die tyd toe Jonker op Stellenbosch aangestel is, vgl. Potgieter 1963.

van die verband en situasie waarin bepaalde Skrifwoorde funksioneer, gesiteer kan word om antwoorde te bied op konkrete lewensvrae" (Jonker 1973b: 31).

'n Verdere idee wat nou saamhang met die onderskeiding tussen die historiese en normatiewe gesag van die Skrif, is die idee van die "heilshistoriese voortgang" in die Skrifopenbaring. Daarmee bedoel Jonker eenvoudig dat ons rekening behoort te hou met die heilshistoriese gesitueerdheid van die morele gebooie in die Bybel, dit wil sê met hul plek in die heilsgeskiedenis. (*Skrifberoep,* 13). Daarmee word dan bedoel dat, byvoorbeeld, die Ou Testamentiese gebooie of sedelike voorskrifte van die Pentateug sedert die tyd van die Nuwe Testament hul normatiwiteit verloor het omdat hul seremoniële en burgerlike betekenis in Christus vervul is. Jonker erken die probleem verbonde aan hierdie onderskeiding, maar waarsku aan die ander kant teen 'n willekeurige beroep op Ou Testamentiese verordeninge (vgl. byvoorbeeld hoe voorstanders van die doodstraf hulle graag op die Pentateug daarvoor beroep, maar dit dan opsigtelik nie konsekwent ten opsigte van alle sulke voorskrifte doen nie). 'n Hermeneutiese benadering verg hier van ons om versigtig te onderskei tussen bepalinge wat hul normatiewe gesag prysgegee het, en diesulkes wat 'n kontinue gesag behou.

Op die vraag na hoe hierdie hermeneutiese onderskeiding presies gemaak moet word, wys Jonker op Kuyper se teorie dat slegs die morele (in onderskeiding van die seremoniële) wette van die Ou Testament hul gesag bly behou, maar erken hy ook die probleem met so 'n beskouing. Hy voel hom meer aangetrokke tot die standpunt van Brillenburg Wurth (1957) wat aanvoer dat die Skrif "fundamentele beginsels" vir al die verhoudinge binne die lewe van die maatskappy bevat. Hierdie "algemene beginsels" word egter nie in abstrakte vorm aan ons gegee in die Bybel nie, maar altyd in die gestalte van toepassings, soos in die lewens van Bybelkarakters soos Moses en Dawid, waaruit ons die aard van die betrokke beginsels moet distilleer. In die vasstelling van wat hierdie beginsels inderwaarheid is – iets wat slegs na vore kan kom danksy noukeurige eksegese – is die Leitmotif deurgaans die "totale boodskap van die Skrif" (*Skrifberoep,* 15). Soos Jonker dit stel: "Nie alleen wat oor 'n spesifieke saak in die Skrif gesê word nie, maar ook die lig wat vanuit die boodskap van die Skrif in al sy aspekte vir 'n spesifieke saak van belang is, word in berekening gebring…Wurth voeg daaraan toe dat ons die situasie waarin ons self moet handel, deeglik moet ontleed, en dat ons dan in die lig van wat die hele Skrif ons leer, daartoe moet oorgaan om die fundamentele riglyne van Gods gebod wat ons in die Woord van God gevind het, opnuut in ons eie situasie toe te pas" (*Skrifberoep,* 15).

Hierdie idees verraai natuurlik 'n fundamentele aanname van sowel Jonker as die meeste gereformeerde teoloë, naamlik dat daar 'n sentrale boodskap in die Bybel is wat geassimileer kan word vanuit 'n noukeurige eksegese van die Skrifte, en wat kan dien as die "hoofsaak" in die lig waarvan "bysaak" onderskei kan word. Die kern van die Skrifboodskap is vir Jonker, soos vir Calvyn, die sentrale heilshistoriese gebeure van die vleeswording, kruisiging en opstanding van Christus; "In Christus vind die Skrif sy middel- en fokuspunt" skryf hy in 'n ander verband (Jonker 1973b: 34). Dit vorm die groter, oorkoepelende verstaanshorison waarbinne die res van die Bybel gelees moet word. Dit is wel interessant dat Jonker in sy *Die Bybel en Gods wil vir ons lewe* (Jonker 1975) dit wel waag om 'n *hoofsaak vir die Bybelse lering oor die etiek* uit te lig, naamlik die strewe na wysheid. Hy skryf:

> Die doel waarmee die Bybel aan ons gegee is, is dus klaarblyklik nie om vir ons presies voor te skryf wat ons in elke situasie in ons lewe moet doen nie, maar om ons op te voed in die kennis van die wil van God vir ons lewe, sodat ons op grond van dié kennis is alle wysheid mag wandel (Jonker 1975: 10).

Volgens hom wil die Bybel hê dat ons sal verstaan dat ons mense van God is en watter lewenswandel by die mense van God pas. Hy brei uit oor die sentrale plek van die begrip *wysheid* in die Ou en Nuwe Testament. En as hy daartoe kom om meer inhoud aan hierdie begrip te

probeer gee, skryf hy: "Die mens wat deur Christus verlos en vernuwe is, moet verander word in sy gemoed, sodat hy die dinge kan onderskei waarop dit aankom en in elke situasie kan sien wat presies die wil van God vir hom is" (Jonker 1975: 11).

Dit is myns insiens tog opvallend dat Jonker in hierdie formulering op die oog af minder beetgepak is met die Calvynse idee van die Skrif as norm vir die totale lewe, met die gepaardgaande implikasie dat daar tog 'n soort direkte verbandlegging tussen leer en lewe moet wees.[12] Die Jonker van *Die Bybel en Gods wil vir ons lewe* is 'n skrywer wat meer onder die indruk staan van die bevryding van die mens, ook in sy oordeel oor goed en kwaad, ook as die uitloper van die herskepping in Christus – die mens wat geroep is om die vrugte te dra wat by die bekering pas en waarin die Gees ons lei. Dis 'n skrywer wat t.o.v. sy etiese beskouinge meer onder die indruk gekom het van die vryheid waarmee ons in Christus vrygemaak is as die skrywer van 'n kerklike beleidstuk waarin veel meer gewag gemaak moes word van die vermeende deurlopende normatiwiteit van die Skrif vir die etiek.

Een van Willie Jonker se belangrikste bydrae tot die ontwikkeling van 'n teologiese etiek lê dus op die terrein van die metodologiese vraagstelling na die begronding van 'n gereformeerd-verantwoorde skrifberoep in die etiek. Daarmee het hy die verband tussen etiek en hermeneutiek toegelig op 'n wyse wat tot in daardie stadium kwalik behoorlike aandag in die teologiese besinning van die NG Kerk ontvang het. Jonker plaas hierdie besinning onherroeplik op 'n weg waarin Biblisisme sterk en beslissend afgewys word – met name die idee dat riglyne vir die alledaagse lewe van hedendaagse mense probleemloos en direk van die Bybel afgelei kan word, en dat die Bybel dus kan dien as 'n soort orakelboek vir die etiek. Jonker hou wel vas aan die Calvinistiese erkenning van die oppergesag van die Skrif in leer en lewe, maar argumenteer uitvoerig vir 'n Skrifbeskouing wat die inspirasie organies, en nie meganies nie, interpreteer, wat onderskei tussen die historiese en die normatiewe gesag van die Bybel, en wat rekening hou met die heilshistoriese voortgang in die erkenning en assimilasie van morele voorskrifte in die lewe van Israel en die Kerk. Hoewel hy dit nie in sulke terme self beskryf nie, is die implikasie van hierdie beskouinge dat Jonker tog in sy denke oor die etiek ruimte maak vir die idee van die *groei* van morele insigte – 'n idee wat myns insiens een van die sentrale insigte van ons tyd t.o.v. morele sensitisering geword het. Die merkwaardige van Jonker se insigte in hierdie verband is dat hy die groei in morele kennis en wysheid direk koppel aan die *Wirkungsgeschichte*[13] van die Bybelteks self. Dus, sonder dat ek in die geskrifte van hom wat ek gelees het ooit kon agterkom dat hy bewustelik die bydraes van hermeneutiese denkers soos Gadamer, Ebeling en Fuchs[14] in hierdie verband geïnternaliseer het, het hy tog metodologies by 'n etiek uitgekom wat baie sterk aansluit by kern-idees van die hermeneutiese filosofie en teologie.

## SUBSTANTIEWE GESIGSPUNT: DIE HERWAARDERING VAN DIE SOSIALE ETIEK

Dit bring ons by die derde gesigspunt oor Jonker se etiek waarby ek vandag ten slotte wil stilstaan, naamlik dié een wat ek "substantief" wil noem. Ek verwys hier na sy bydrae tot die sosiale etiek. Daar kan sonder vrees vir teenspraak aangevoer word dat Jonker se ontginning en herwaardering van die sosiale etiek in die loop van die sewentigerjare 'n werklik vernuwende aspek van sy teologie verteenwoordig. Dat dit juis sosiale etiek is wat hy bewustelik aan die

12 Vir 'n omvattende bespreking van Calvyn se reformatoriese hermeneutiek, sien Rossouw 1980.

13 Vir hierdie sentrale begrip in die wysgerige hermeneutiek van Hans-Georg Gadamer, sien Gadamer 1965: 284-289 en Van Niekerk 2002: 232-233. Leon Fouché argumenteer in sy doktorale proefskrif (Fouché 2001) asook in 'n artikel oor Gadamer (Fouché 2002) dat die begrip "Wirkungsgeschichte" die sleutel tot die verstaan van Gadamer se ganse hermeneutiek is.

14 Vir 'n verhelderende bespreking van Ebeling en Fuchs se bydrae tot die hermeneutiek, sien Rossouw 1974.

http://ngtt.journals.ac.za

orde gestel het, moet waardeer word teen die agtergrond van twee werklikhede van die historiese konteks waarbinne hy homself in daardie jare bevind het. Die eerste hiervan was die houvas van die piëtisme wat tot in daardie stadium besonder invloedryk in die NG Kerk was, en veral daarvoor verantwoordelik was dat teologies-etiese besinning dikwels ingeperk is tot die appropriasie van die persoonlike heil en die belewing en vorming van persoonlike vroomheid wat slegs van betekenis is in die privaatlewens van individue. Dit het meegebring dat etiese vraagstukke dikwels beperk is tot kwessies rondom die huweliks-, gesins- en seksuele moraal, asook arbeidskwessies, eiendomskwessies en persoonlikheidseienskappe soos verdraagsaamheid, eerlikheid en verantwoordelikheid in persoonlike verhoudinge.

Die tweede werklikheid in die konteks van daardie tyd, was die olifant in die sitkamer waarvan ek vroeër gepraat het: die mensonterende sisteem van apartheid wat feitlik elke aspek van die Suid-Afrikaanse maatskaplike bestel beïnvloed het, en boonop 'n maatgewende en strukturerende effek op die NG Kerk gehad het. Dit is verstaanbaar dat die impak van sentrale insigte in die sosiale etiek 'n erg destabiliserende effek op apartheid kon hê indien dit konsekwent en algemeen beredeneer is. Vandaar die neiging in die toenmalige NG Kerk om, wat die etiek betref, sigself te bepaal by die individualisties-persoonlike vroomheidsmoraal van die piëtisme, juis om, by wyse van spreke, die olifant in die sitkamer so lank moontlik onopgemerk die ruimte te laat beset.

Dit is in hierdie verstikkende, oneerlike en immorele intellektuele klimaat dat Jonker se herwaardering van die sosiale etiek 'n nuwe, onthutsende geluid verteenwoordig wat daadwerklik daartoe begin bydra het om Suid-Afrikaanse teoloë, predikante en lidmate se kritiese sin ten opsigte van apartheid radikaal te heroriënteer. Die maatgewende teks van Jonker in hierdie verband is 'n bydrae wat hy, ironies genoeg, gelewer het in 'n huldigingsbundel vir 'n aantal senior kollegas aan die Kweekskool wat almal in die eerste helfte van die sewentigerjare afgetree het. Die huldigingsbundel se titel was *Sol Iustitiae*[15], en Jonker se bydrae dra die titel "Die aktualiteit van die sosiale etiek" (Jonker 1973a).[16]

Vir Jonker verwys die begrip "sosiale etiek" na die "sedelike gedrag op die terrein van die gemeenskapslewe van die mens"; die sosiale etiek bepaal sigself by "sedelike vraagstukke wat gegee is met die bestaan van die mens as gemeenskapswese" (1973a: 78). 'n Ander manier om die terrein van die sosiale etiek mee te omskryf, is om aan te voer dat dit die neerslag verteenwoordig van besinning oor die behorenseis van die etiek ten opsigte van samelewingsinstellings. HW Rossouw definieer instellings soos volg: "Sosiale en kulturele instellinge is gevestigde en deur algemene aanvaarding geykte gebruike, ingeburgerde handelingspatrone en vaste verhoudingstrukture wat deur die samelewing aan ons voorgeskryf word, en in ooreenstemming waarmee ons ons daaglikse lewe inrig. Ons kan sulke instellinge ook gestandaardiseerde lewensvorme en lewenspraktyke noem. Elke sodanige instelling behels 'n geheel van verpligtinge en verwagtinge wat ons meestal spontaan erken, en waaraan ons sover moontlik probeer voldoen" (Rossouw & Van Niekerk 1984: 18).

Kortom, instellings is instansies van kollektiewe menslike gedrag met die oog op die verwerkliking van een of ander gemeenskaplike doel of as die institusionalisering van 'n wyd aanvaarde idee.[17] Etiek is die neerslag van die stel van 'n behorenseis aan menslike gedrag. Wat dus nou insonderheid ter sake is in die idee van 'n sosiale etiek, is dat die vraag na die "behoort" van handelinge, na of hulle reg of verkeerd is of goed of kwaad tot stand bring, nie slegs 'n

15 Onder redaksie van PA Verhoef en DW en JL de Villiers.

16 Sien ook Jonker 1973b vir 'n kort artikel waarin van hierdie temas ook aangeraak is.

17 So, byvoorbeeld, sou ek wou argumenteer dat die instelling van die universiteit die institusionalisering is van die idee dat wetenskaplike kennisverwerwing en opvoeding die mees betroubare vorm kennis en opvoeding in die samelewing oplewer.

http://ngtt.journals.ac.za

vraag is wat ons aan die orde stel wanneer dit kom by individuele menslike gedrag nie, maar ook ten opsigte van sulke kollektiewe menslike gedrag. Dit beteken dat die begrip "moreel" as kwalifikasie met ewe goeie reg gevel kan word oor die handelinge en optredes van instellings soos die huwelik, die skool, die universiteit, die kerk en, les bes, die staat.

Dat instellings na reg moreel beoordeel kan word, is 'n relatief nuwe idee in die Westerse geestesgeskiedenis. Jonker wys daarop dat die "individueel-etiese" gesigspunt vir eeue Westerse besinning in die etiek oorheers het.

> Binne hierdie opset…word die vraag na die regmatigheid van die verskillende gemeenskapsvorme nie eens gestel nie. Die institute word nie self aan 'n kritiese maatstaf onderwerp nie, maar eenvoudig aanvaar as gegewenhede waaraan niks verander kan of behoort te word nie. Hulle is die raamwerk waarbinne die sedelike lewe van die enkeling homself nou eenmaal moet afspeel (Jonker 1973a: 82).

Jonker wys by verskillende geleenthede op 'n ooreenkoms tussen Katolieke aanhangers van die natuurregleer en die Lutheranisme ten opsigte van die idee dat samelewingsinstellings outonoom is en nie onderhewig is aan teologies-etiese beoordeling nie.

> Die sosiale etiek van die Rooms-Katolisisme het homself op die natuurreg gebaseer en die Skrif het hoogstens daarby gekom as bevestiging en aanvulling van wat uit die natuurreg deur die lig van die rede reeds bekend was. By Luther met sy onderskeiding tussen die Ryk van Christus en die ryk van die wêreld word die sosiale etiek na die gesonde verstand verwys as maatstaf vir wat reg en verkeerd is (Jonker 1973b: 33).

Calvyn het hier 'n ander weg opgegaan, en die aansprake van die *sola Scriptura* ook in die sosiale etiek laat geld. Vir Calvyn was die natuurregbegrip 'n aanduiding van 'n gebrekkige normbesef wat daar deur Gods algemene genade by die mens wat in sonde geval het, bewaar gebly het.

> Calvyn handhaaf die Heilige Skrif as die enigste norm vir alle etiek. Dit beteken dat die natuurreg vir die teologiese etiek nie tot 'n norm mag word náás die Heilige Skrif nie. Vir die sosiale etiek hou dit in dat die institute nie eenvoudig as God-gewilde gegewenhede aanvaar word soos hulle nou eenmaal bestaan nie. Hulle moet almal onder die kritiek kom van die Woord van God…[Calvyn se] uitganspunt het [daarom] ruimte gemaak vir 'n sosiaal-etiese aanpak waarin die sosiale aspek nie in die individuele opgelos word en die gewordene as altydgeldend aanvaar hoef te word nie.

Hieraan voeg Jonker betekenisvol toe: *Dit is jammer dat sy aanpak nie deurgaans volgehou is nie* (Jonker 1973a: 85).

Hierdie was profetiese woorde in die middel sewentigerjare in Suid-Afrika, waar ons met 'n staat te doen gehad het wat praktyke bevorder en bestendig het wat direk diskriminerend en mensonterend was vir die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking, asook met 'n kerk – die NG Kerk, verreweg die grootste Afrikaanse kerk – wat 'n teologiese regverdiging van daardie beleid geredelik verskaf het.

Hier sien ons by Jonker ook 'n gans ander soort beroep op Calvyn as wat gangbaar was in daardie tyd van die kant van 'n aantal prominente NG teoloë.[18] Hier is nie meer sprake van 'n Calvyn wie se denke gebruik word as regverdiging vir die idee van vaste, onveranderlike skeppingsordeninge waarbinne die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" geld nie.[19] Hier is 'n beroep op die Calvyn wat, in die woorde van Abraham Kuyper, aandring op die soewereine heerskappy van God oor "elke duimbreedte van die werklikheid", en wat daarom daardie ganse werklikheid onderwerp aan die tug van die Woord se eis om geregtigheid en menswaardigheid. Dit is hierdie Calvyn op wie die skerpste kritici van die Suid-Afrikaanse sosio-politieke bestel

18 Vgl. Potgieter 1939 en Vorster 1978: 78-80

19 Vgl. Stoker 1967.

hulle toenemend in die loop van die tagtigerjare sou beroep.[20] Hier in die middel van die sewentigerjare hoor ons Willie Jonker se rustige beredenering van die noodsaak van ’n sosiale etiek met 'n beroep op Calvyn as 'n deurslaggewend belangrike voorbereidende stem vir daardie wending in die teologiese debat in hierdie land.

In sy herwaardering van die idee van 'n sosiale etiek, wy Jonker heelwat aandag aan die wyse waarop morele verantwoordelikheid vir samelewingsinstellings 'n idee is wat eksplisiet gepropageer is deur 'n verskeidenheid denkers gedurende die Aufklärung (Rousseau, Hegel en veral Marx). Dit blyk veral uit al die revolusies wat ons in daardie fase van die geskiedenis sien. “In hierdie revolusies het dit altyd gegaan om één of meer van die menslike gemeenskapsvorme wat ‘bevry’ moes word uit die binding aan die verbygegane kultuurfase en ‘aangepas’ moes word by die modern, gesekulariseerde denkpatroon” (Jonker 1973a: 87). Die moderne sosiale etiek kan volgens hom slegs binne hierdie konteks verstaan word. Dit stel altyd die kritiese vraag of samelewingsinstellings nog funksioneel is en “die humanitas werklik dien”. Na aanleiding van 'n verrassend diepgaande en insigtelike bespreking van Marx kom Jonker dan tot die volgende gevolgtrekking:

> As vrug van die denkontwikkeling wat met die Aufklärung begin het, bestaan daar vandag 'n wyd verbreide oortuiging dat die hele lewe van die individuele mens diepgaande beïnvloed word deur die samelewing met sy institute; dat dit daarom ongeoorloofde eensydigheid is om in die etiek alleen aandag te gee aan die gedrag van die individuele mens, omdat die eintlike beslissings wat verantwoordelik is vir soveel kwaad in die wêreld en by die individuele mens, dikwels nie by die individu val nie, maar by die gemeenskap wat homself op 'n bepaalde manier inrig; dat die gemeenskap en sy institute krities deurlig moet word, omdat die gestalte van die institute nie as 'n onveranderlike gegewe aanvaar hoef te word en die kwaad wat daardeur voortkom, nie as 'n noodlot gesien hoef te word waaraan niks gedoen kan word nie; dat dit daarom…nie die vernaamste taak van die etiek kan wees om hom met die enkeling besig te hou nie, maar om die vraag te beantwoord hoe die gemeenskap ingerig moet word as sy inrigting nie instrumenteel moet wees vir kwaad en onreg nie, maar vir vrede en geregtigheid (Jonker 1973a: 89-90).

Hier klink Jonker se profetiese stem teen die onreg van apartheid en die NG Kerk se blindheid vir daardie onreg – 'n blindheid wat bevestig is en aan die gang gehou is deur dié kerk se voortgesette heulery met die piëtisme (1973a: 97) – die helderste deur. Dat hierdie boodskap uiteindelik, mede deur Jonker se bemiddeling, veral by Rustenburg, by die NG Kerk aangekom het en geassimileer is, was vir Jonker een van die grootste vreugdes van sy oudag (vgl. Jonker 1998: 192-219).

Uiteindelik bepleit Jonker dan die ontwikkeling van 'n volwaardige sosiale etiek in die gereformeerde teologie. Hy waarsku wel in dié verband teen wat hy noem “’n kapitulering voor die humanisme en horisontalisme, 'n gesekulariseerde denke en neo-Marxistiese tendense” in so 'n etiek. Maar so 'n etiek is absoluut noodsaaklik. Solank ons die Calvinisties-Kuyperiaanse sluitstuk van die noodsaak van God se soewereiniteit oor elke duimbreedte van die skepping aanvaar, “mag ons nie ons oë sluit vir die onreg, armoede, onderdrukking en frustrasie waaronder baie mense in die wêreld gebuk gaan nie” (Jonker 1973a: 96). En dan kom 'n baie betekenisvolle uitspraak:

> Ons grootste gevaar is dat ons uit reaksie teenoor die vreemde bronne waaruit baie kritiek teen die huidige maatskaplike bestel [lees: apartheid] voortvloei, daardie bestel sal gaan verdedig asof daar in die werklikheid niks mee verkeerd is of kan wees nie. Juis wie op grond van die Bybel glo in die totale verdorwenheid van die menslike natuur … sal tog nooit onkrities mag word teenoor die gewordene en die bestaande in ons maatskaplike bestel

20 Vgl. byvoorbeeld Boesak 1977 en 1984.

> [nie] … Ons behoort kritieser te wees as wie dan ook, omdat ons op die basis van die Heilige Skrif staan wat die oë open vir elke vorm van kwaad en onreg en oproep tot die doen van die wil van God op elke terrein van die lewe (Jonker 1973a : 96-97).

In die ontwikkeling van so 'n sosiale etiek, sluit Jonker dan af, moet veral aan drie dinge aandag gegee word. Die *eerste* is dat die konsekwensies van die aanvaarding van die feit dat etiek nie slegs te make het met die lewe van individue nie, deurgetrek moet word. Sosiale instellings moet helder, onbevange en volhardend aan kritiek in die lig van die Skrif blootgestel word. Die bekering van individue is nie genoeg nie; uiteindelik moet ons erken dat "die kwaad bo-persoonlike vorme kan aanneem en dat hartsbekering moet uitloop op die bekering van 'n hele gemeenskap met al die vorme [instellings] van sy gemeenskapslewe (Jonker 1973a: 98).[21]

Die *tweede* aspek vir Jonker is die belang van 'n beroep op die Skrif in die ontwikkeling van 'n sosiale etiek. Hy voer wel aan dat "die Christelike sosiale etiek nie inhumaan of in stryd met die rede [is] nie, maar dit gaan daarin tog in eerste instansie om die wil en die eer van God" (1973a: 98-99). 'n Skriftuurlike beoordeling is vir Jonker wel te onderskei van wat hy 'n sosiologiese of 'n fenomenologiese ontleding van instellings noem. Daarteenoor meen hy dat "slegs die Heilige Skrif ons [losmaak] van die institute self en aan ons 'n objektiewe maatstaf [bied] om hulle mee te beoordeel".

Sy *derde* vereiste slaan terug op die vorige tema wat in hierdie artikel onderskei is, naamlik die belang van die regte Skrifgebruik in die ontwikkeling van 'n sosiale etiek. Hier waarsku hy teen die tendens om willekeurig een of ander belangrike tema in die Bybel, soos die Christelike hoop of die idee van die Koninkryk van God, te verhef tot die oorwegende hermeneutiese sleutel in terme waarvan so 'n sosiale etiek ontwikkel kan word. "Die groot kuns sal wees om die hele Skrif tot ons te laat spreek in sy heilshistoriese opset, met Jesus Christus as die sentrum van Gods openbaring en gerig op die voleinding van alle dinge. Wanneer ons só na die Skrif luister, sal ons daarin die fundamentele riglyne en norme vir die sosiale etiek vind" (1973a: 99).

## SLOTOPMERKINGS

Soos vroeër gesê: Jonker se werk oor die belang van 'n teologiese verantwoorde sosiale etiek was 'n belangrike vernuwende aspek van sy teologiese oeuvre. Dat hy dit nie verder gevoer het nie, is waarskynlik te wyte aan die feit dat hy sedert die tweede helfte van die sewentigerjare opgehou het om teologiese etiek te doseer en hom van toe af grootliks op die dogmatiek toegespits het. Dat dit uiters belangrike werk was wat vandag steeds waardeer kan word, beteken nie dat Jonker se bydrae tot die sosiale etiek, asook ten opsigte van die ander aspekte wat in hierdie artikel behandel is, 'n mens nie ook met bepaalde vrae laat nie. Sommige van dié vrae het sonder twyfel te make met die feit dat ons historiese konteks sedertdien aansienlik geskuif het. Ek noem slegs enkele voorbeelde van sulke vrae.

Jonker se uitgesproke besorgdheid oor nie-teologiese invloede in die sosiale etiek doen m.i. vandag ietwat vreemd aan. Dit is ook in die algemeen opvallend dat Jonker in sy etiek-refleksies nie eintlik in gesprek is met prominente denkers uit die wêreld van die wysgerige etiek, soos byvoorbeeld John Rawls en Alasdair MacIntyre nie. (Dit sou m.i. veral interessant gewees het om Jonker se reaksie op MacIntyre se neo-katolieke herwaardering van die deugde-etiek te kon verneem. Dit bly egter 'n verassing dat 'n meer berekende gesprek tussen Jonker en die in daardie tyd opspraakwekkende nuwe geregtigheidsteorie van Rawls nooit plaasgevind het nie.) Hieraan sou ek wou toevoeg dat Jonker se teologie in die algemeen, en sy etiek in die besonder, afgesien van die deurgaans kritiese gesprek wat hy met Rome bly voer oor sy hele loopbaan, op die oog af weinig sensitiwiteite vir ekumeniese oorwegings verraai. Dit doen vreemd aan in

21 Hierdie aanspraak word gemaak met 'n verwysing na Brillenburg Wurth 1951: 44 e.v.

http://ngtt.journals.ac.za

die konteks waarin ons ons tans bevind, maar is waarskynlik begryplik in die veel meer geslote ekumeniese konteks waarin Jonker in die sewentiger- en tagtigerjare gewerk het – 'n konteks waarin 'n meer Bybels gefundeerde siening van die eenheid van die kerk, veral in die kring van die NG familie in Suid-Afrika, die belang van ander ekumeniese oorwegings in die werk van 'n NG teoloog soos Jonker oorskadu het.

Jonker se idees rondom skrifberoep in die etiek is daarby ook nie sonder vrae nie. Dit bly byvoorbeeld 'n vraag hoe presies die onderskeid tussen die Skrif se normatiewe en historiese gesag presies verstaan moet word. Jonker se ontwikkeling van die idees van die vervulling van die seremoniële wette van die Ou Testament in Christus, asook sy beroep op die noodsaak van die ontwikkeling van 'n Bybels geïnspireerde wysheid in die lig waarvan oordele oor normatiwiteit gevel sou kon word, is in sigself interessant, maar bly onuitgewerk in sy teologie. Die opkoms van die hedendaagse toegepaste etiek, veral op die biomediese terrein[22], roep ook allerlei vrae op oor hoe "Skrifberoep in die etiek" presies sou kon werk wanneer ons te make het met wetenskaplike feite en ontwikkelinge wat nouliks kan resoneer met die wêreldbeeld van Bybelskrywers. Daar is, laastens, myns insiens 'n spanning tussen Jonker se siening van die rol van die kerk in die strewe na geregtigheid in die sosiale etiek, en sy aandrang daarop dat sosiale instellings in sigself soos morele agente handel en beoordeel moet word, en daarom selfs "tot bekering" gelei kan en behoort te word.

Maar geen van hierdie kritiese vrae doen afbreuk aan die waarde en belang van Jonker se arbeid op die terrein van die ontwikkeling van 'n veel meer gesofistikeerde benadering tot die Christelike etiek as wat gangbaar was voor sy verskyning op die teologiese toneel in die sestigerjare nie. Ek ag my bevoorreg om deel te kon vorm van 'n nuwe geslag teologiese studente en predikante vir wie die kerklik-teologiese en politieke landskap van Suid-Afrika 'n gans ander gelaat verkry het as gevolg van die rigting wat Jonker en van ons ander leermeesters aangedui het in die dae toe ons studente was. Dit is en bly onvoorstelbaar dat die skuiwe in die denke oor die eenheid van die kerk, die onmoontlikheid om apartheid teologies te begrond en die noodsaak van 'n sosiale etiek wat gewortel is in die Skrif na vore sou kom op die manier wat wel gebeur het sonder die invloed van Willie Jonker. Daarom mag ons God steeds dank vir die gawe wat Hy in Jonker aan ons kerk en samelewing laat toekom het. As ons as die huidige geslag dosente slegs 'n beskeie deel van die inspirasie wat hy vir ons was, aan ons huidige studente kan oordra, dan sal ons werk dubbel en dwars die moeite werd wees.

## BIBLIOGRAFIE


Boesak, A. 1977. *Afscheid van de onschuld.* Kampen: J.H. Kok.

Boesak, A. 1984. *Black and Reformed.* Johannesburg: Skotaville Publishers.

Brillenburg Wurth, G. 1951. *Het Christelijk leven in de maatschappij.* Kampen: Kok Uitgewers.

*Die reformatoriese SOLA SCRIPTURA en die skrifberoep in etiese vrae.* 1980. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Fouché, H.L. 2001. *Hermeneutiek en waarheid: 'n kritiese ondersoek na die sin van die* Wirkungsgeschichte


22 Die enkele keer waar Jonker, sover ek kon vasstel, hom oor kwessies in die toegepaste etiek (met name bio-etiek) uitgelaat het, bly die antwoord op hierdie soort vrae nie duidelik nie. Ek verwys na 'n ongepubliseerde lesing van hom met die titel *Die hoë belang van die mediese etiek* (Jonker 1986), en wat ek goedgunstiglik onder oë kon kry deur die bemiddeling van prof. Dirkie Smit, mev. Bettie Jonker en ds. Gert Duursema. Die lesing handel baie in die algemeen oor aspekte van die mediese etiek, en met name oor wat Jonker die "beroepsgerigte", "pasiëntgerigte" en "metafisiese" kante van die mediese etiek noem. 'n Interessante idee wat hy in dié lesing ontwikkel, is die mate waarin die raad wat dokters aan hul pasiënte gee, "…hulle lei by beslissings wat ook die sedelike raak". In dié opsig is geneeshere self "vormers van sedelike idees". Met die "metafisiese" kant van die mediese etiek, bedoel Jonker die rol wat geloof daarin speel, maar hy ontwikkel glad nie perspektiewe op hoe presies "Skrifberoep" in die mediese etiek verstaan sou kon word nie.

http://ngtt.journals.ac.za

*in die filosofiese hermeneutiek van Hans-Georg Gadamer.* Stellenbosch: Ongepubliseerde doktorale proefskrif.

Fouché, H.L. 2002. Opmerkings oor Hans-Georg Gadamer se begrip van die "Wirkungsgeschichte". *South African Journal of Philosophy,* 21 (4): 274-290.

Gadamer, H-G. 1965. *Wahrheit und Methode.* Tübingen: J.C.B. Mohr.

Heyns, J.A. & Jonker, W.D. 1974. *Op weg met die teologie.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Jonker, W.D. 1959. *En as jou broeder sondig...* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Jonker, W.D. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal.* Pretoria: Studiegroep "Kerk en Wêreld".

Jonker, W.D. 1965a. *Om die regering van Christus in Sy kerk.* Pretoria: Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika.

Jonker, W.D. 1965b. *Aandag vir die kerk.* (Deel 1 van die reeks: *Die stryd om die kerk,* reds. V.E. D'Assonville, J.H. Roberts & T van der Walt). Potchefstroom: "Die evangelis".

Jonker, W.D. 1973a. Die aktualiteit van die sosiale etiek, in: Verhoef, P.A., De Villiers, D.W. & De Villiers, J.L. *Sol Iustitiae.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Jonker, W.D. 1973b. Heilige Skrif en sosiale etiek by Calvyn, *Bulletin ter Bevordering van Christelike Wetenskap,* 39 (12): 31-37.

Jonker, W.D. 1975. *Die Bybel en Gods wil vir ons lewe.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Jonker, W.D. 1976. *Die Woord as opdrag: gedagtes oor die prediking.* Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

Jonker, W.D. 1977. *Christus die Middelaar.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Jonker, W.D. 1981. *Die Gees van Christus.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Jonker, W.D. 1986. *Die hoë belang van die mediese etiek.* Ongepubliseerde lesing.

Jonker, W.D. 1998. *Selfs die kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg.

Jonker, W.D. 2008. *Die relevansie van die kerk: teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld.* (Aanvullende perspektiewe deur Nico Koopman, Christo Lombard en Piet Naudé; voorwoord deur Dirkie Smit). Wellington: Bybel-Media.

Naudé, P.J. 2010. Op 'n mespunt. Die ontvangs van Johannes Calvyn in die denke van Willie Jonker. (Vierde W.D. Jonker Gedenklesing, 25 Oktober 2009) *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 51 (3&4): 82-91.

Potgieter, F.J.M. 1939. *Die verhouding tussen die teologie en die filosofie by Calvyn.* Amsterdam: Noord Hollandse Uitgewerij.

Potgieter, F.J.M. 1963. *Die teopneustie van die Heilige Skrif met besondere verwysing na Karl Barth.* Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Rossouw, H.W. 1963. *Klaarheid en interpretasie: Enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif.* Amsterdam: Jacob van Campen.

Rossouw, H.W. 1974. Die nuwe teologiese hermeneutiek. In: E.J. Smit et.al.: *Reformasie en revolusie.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Rossouw, H.W. 1980. *Calvyn se reformatoriese hermeneutiek van die Heilige Skrif.* Stellenbosch: Ongepubliseerd.

Rossouw, H.W. & Van Niekerk, A.A. 1984-2005. *Inleiding tot die Sistematiese Filosofie* (Ongepubliseerde klasaantekeninge). Universiteit Stellenbosch.

Smit, D.J. 2007. Views on Calvin's ethics: reading Calvin in the South African context. *Reformed World* 57 (4): 306-344.

Smit, D.J. 2009. En ook gehoor? Vrae rondom die Gereformeerde siening van die kerk. (Derde W.D. Jonker Gedenklesing, 26 Oktober 2008). *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 50, Maart en Junie: 198-211.

Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting,* Band 1. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van Niekerk, A.A. 2002. Hermeneutics and historical consciousness: an appraisal of the contribution of Hans-Georg Gadamer. *South African Journal of Philosophy,* 21 (4): 228-241.

Vorster, J.D. (Samesteller) 1978. *Veelvormigheid en eenheid.* Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

**TREFWOORDE**
Willie Jonker
Etiek
Hermeneutiek
Skrifberoep in die etiek
Sosiale etiek
Normatiewe en historiese gesag van die Bybel

**KEY WORDS**
Willie Jonker
Ethics
Hermeneutics
Scriptural grounding of ethics
Social ethics
Normative and historical authority of the Bible